# DIE BROOD-DRAERS (2)

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*).

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: JOHANNES 6:33 - 38**
(Bykomende Skrif verwysings aan die einde van die lesing)

Ons het in die vorige les gesien wat die vereistes is om die brood te dra

i) eerstens is dat ons soos 'n kind moet word en
ii) tweedens, dat ons die getuienis moet dra dat ons 'n bloed gewaste kind van God is.

- Die eerste vissie is die **getuienis** dat ek gered is.

Ek kan nie meer met die wêreld assosieer en die dinge van die wêreld doen nie. Ek kan nie meer deel wees van die wêreld nie. Ek kan nie meer in die kring van die spotters sit nie. My lewe moet getuig van 'n verhouding met die Here.

- Die tweede vissie wat ek in my hande dra, moet die vissie van **heiligmaking** wees.
    - Dit is om heiligmaking na te streef, soos wat die Bybel vir ons sê in Romeine 12:9 – 21.

### 1. 5-Voudige Bediening

Dit is nie al wat die seuntjie gedra het nie. Die seuntjie het ook 5 broodjies gedra.

- Die 5 broodjies is die vyfvoudige bediening. Onthou, die bediening van Christus Jesus bestaan uit die Apostoliese, die Profetiese, die Evangelistiese, die Herder en die Leraar.

Dit is nie titels nie of jou funksie is nie jou titel nie. **Jou funksie is jou funksie**. Joost van der Westhuizen, byvoorbeeld, sou homself nooit voorgestel het as "Springbok skrumskakel Joost van der Westhuizen" nie. Ons moet onthou, dat God alleen vereer moet word. Persoonlik is ek nie iemand vir titels nie. Ek glo dat 'n mens maar nederig en 'n dienskneg moet bly. Laat die Here jou maar eer, nie jyself nie.

- Die vyfvoudige bediening, die vyf broodjies wat die Here in ons hand sit, is die bediening van die Gees. Dit is nie die bediening van die mens nie.

Jesus ontvang hierdie broodjies en vissies uit die seuntjie se hande. Dit is ook waarom Hy sê dat niemand andersins gevoed kan word as net deur Hom nie. Hy is die Brood van die Lewe.

**Joh 6:33 Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.**
**Joh 6:34 Toe sê hulle vir Hom: Here, gee ons altyd hierdie brood.**
**Joh 6:35 En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.**
**Joh 6:36 Maar Ek het vir julle gesê dat julle My gesien het, en tog glo julle nie.**
**Joh 6:37 Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.**
**Joh 6:38 Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.**

Die punt is, dat net Jesus Christus die brood gee. Hy gee daardie brood aan wie Hy wil, deur Sy Gees, natuurlik. (Gaan lees gerus verder vir meer agtergrond hieroor). Jesus openbaar Homself, Sy Brood en Sy Wese, deur die vyfvoudige bediening van die liggaam van Christus Jesus.

-o0o-

- Dit is die gawes van God se Gees wat in die bediening, in die liggaam, funksioneer.
    - Dit is óf deur die Apostoliese, óf die profetiese, óf die evangelistiese, óf die herder, óf die leraar. Soos ek gesê het, dit is nie titels nie, dit is funksies in die liggaam, wat ons moet vervul.

Efésiërs 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars

## 2. Die Bruid

Hy voed die skare en dan sien ons twee effekte. Kyk mooi wat gebeur. Jesus neem die brood, Hy kyk op na die hemel, dank die Vader daarvoor en dan gee Hy die brood aan Sy twaalf dissipels. Twaalf is 'n teken, 'n simboliek, van regering / owerheid (government).

- Hy gee dit net vir Sy Bruid, vir Sy liggaam. Hy gee dit vir die wat in die verbond (covenant) met Hom staan en lewe.

Dit is waarom ek eers die oprigting van die Joël bruid weergegee het, sodat mense kan verstaan wat besig is om te gebeur in die geestelike domein (realm). Daar is nie verskillende kerke nie. Ons praat eintlik verkeerd.

- Daar is net een kerk, anders lieg die Woord.
    - Daar is net een geloof, een liggaam, een Woord, een gees en een doop. (Efe 4:4-5)

## 3. Bekering en Doop

Iemand het eendag vir my gesê, die dominee beweer dat daar sewe dope in die Bybel is. Ek sê toe "Wys asseblief vir my waar dit is". Mense, daar is nie 'n groot doop en 'n klein doop nie. Daar is net een doop, soos die Bybel dit noem. Jy moet jou bekeer en jou laat doop. Dit is al vereiste.

- Daar is net een doop en dit is die doop van die bekering. (Hand 2:38)
    - As jy nog nie gedoop is nie, wil ek vir jou sê om baie vinnig 'n plan te maak daarmee. Jy bid of vra nie daaroor nie. As jy jou bekeer het, is dit die eerste verantwoordelikheid wat jy moet neem, want dit is die eerste opdrag wat jy gaan kry. Die Bybel sê dat jy jou moet bekeer en jou laat doop. Dit is nie 'n keuse nie, dit is 'n opdrag.
    - Geestelik groei en al die ander dinge gebeur daarna.
    - Ek wil jou aanraai om maar vinnig plan te maak daarmee en op te hou om verskonings te soek. Daar is soveel mense wat sê dat die Here vir hulle moet wys. Die Here gaan nie vir jou wys nie, want dit is klaar geskrywe.
      Onthou, wat klaar geskrywe is, moet gedoen word. As jy 'n woord of enigiets verder uit die Here se hand wil ontvang, moet jy jou laat doop, want dan sal jy gees vervuld word. Dit is wat die Bybel sê.
- Die vereiste van gees vervulling is om gedoop te word. Dit is die openbare proklamasie.

Ek voel nou net gelei om dit te noem, want ons wil soveel keer die Here se seën en alles verder hê, maar ons doen nie wat Hy sê nie. Jesus het gesê dat hulle Hom Here noem en dat Hy dit is, maar dat hulle nie doen wat Hy sê nie. Hulle monde sê dat Hy die Here is, dat Hy hulle God is, maar hulle doen nie wat Hy sê nie. (Luk 6:46)

- Hulle monde sê dit, maar hulle dade bewys niks, want hulle het nog nooit 'n proklamasie in die openbaar gemaak nie.
    - Bewys eers vir Hom in die openbaar. Bely Sy Naam in die openbaar, dat jy jou keuse gemaak het.

Jesus sê dat as jy Hom in die openbaar bely, Hy jou voor die Vader en die engele sal bely. (Luk 12:8). Ek wil nie verder daarin gaan nie, maar die punt is, ons moet doen soos wat daar geskrywe staan. Ons

-o0o-

kan nie verbypaaie soek en ons kan nie ons eie woord skryf nie. Ons kan nie ons eie ding doen nie. Ons moet die Woord in ons lewe implementeer, soos wat God die Vader dit vir ons gegee het. Ons het dit gesien met die lering oor die Koninkryk.

- Hy is die Koninkryk van die hemele, wat af gesaai is aarde toe, in die vorm van 'n koringkorrel.
- Hy het gesterf en die aarde het Hom ontvang.
- Hy staan op en bring 'n oes voort.
- Hy sê dat Hy nou die Brood van die Lewe is.

Hierdie brood van die lewe word in ons hande geplaas. Hy gee die brood vir Sy dissipels, vir Sy twaalf, Sy regering.

### 4. Opdrag

Ek gaan nou vir julle iets baie interessant uit die Bybel haal. Hierdie voeding van die brood het twee resultate.

- Die eerste resultaat is dat Hy die brood vir sy dissipels, wat simboliek is van <u>Sy regering</u> op aarde, gee.
    - Onthou, die wonderwerk het nie plaasgevind toe Jesus die brood in hulle hande geplaas het nie. Die wonderwerk het plaasgevind die oomblik toe hulle in die skares gestap het en die <u>opdrag uitgevoer het.</u>

Volgens die Bybel het Hy hulle in groepe van vyftig laat sit en toe het die dissipels begin om vir hulle brood te gee. Die oomblik toe hulle die brood uitgedeel het, het die wonderwerk plaas gevind. (Jy kan gerus al die gedeeltes gaan lees in die Bybel rondom die vermeerdering van brode, sodat jy 'n goeie agtergrond kan kry).

Die wonderwerk gaan nie gebeur wanneer ek en jy die opdrag van die Meester ontvang nie. <u>*Die wonderwerk gaan gebeur die oomblik as ek en jy gaan doen wat Hy sê.*</u>

Die Heilige Gees sal saam met ons werk deur <u>wonders en tekens</u>. (Heb 2:4). Ons sal agterna verstom staan oor die krag van die Heilige Gees, wat die Woord lewend gemaak het, as gevolg van ons gehoorsaamheid aan die Heilige Gees. Ek hoop julle verstaan dit. Die brood van die lewe is in die eerste plek nie vir my gegee nie. Ja, dit moet my ook bou, verseker, want dit moet 'n <u>getuienis</u> in my lewe wees.

- *Ek kan nie die brood gee as dit nie 'n getuienis in my lewe is nie*. Ek kan nie op hoorsê gaan nie. Ek moet iets ontvang, wat ek gaan uitgee na buite.

### 5. Deel die Brood (Woord) met ander

Joh 6:26 Jesus antwoord hulle en sê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het

Die dissipels voed die mense wat honger is en hulle (die mense) word so geraak deur hierdie brood, dat hulle die volgende môre agter Jesus aan loop. Dit is waarom Jesus hierdie woorde spreek en sê ***julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het***. Dit was <u>nie</u> die wonders en tekens, soos siekes wat gesond gemaak is, wat hulle vir 3 dae lank gesien het, wat hulle gemotiveer het om agter hom aan te loop nie.

Ek het al soveel keer in my lewe gesien dat selfs mense, wat op 'n stadium deel van ons bediening was, saam gesit het met Bybelstudie en saam op uitreikings was, besluit om maar hulle eie pad te volg. Hulle bly dan honger, want hulle kry nie die regte voeding nie.

-o0o-

Die ware brood draers is maar bitter min daar buitekant, want baie gaan op hoorsê en op getuienisse van ander. Daar is bitter min manne en vroue van God daar buitekant, wat regtig met die brood van die lewe in hulle hande loop.

Wanneer ek by ware brood draers gesit het, voel ek dat ek versadig in my gees is wanneer ek uitstap, omdat ek gevoed is deur 'n persoon wat 'n getuienis in sy lewe dra. Ek voel dan dat ek met ware brood van God gevoed is deur die persoon. Ek voel versterk en ek kan aangaan met die lewe, want ek het die Brood van die Lewe ontvang. Ek is versterk deur die Brood van die Lewe, wat 'n getuienis in my broer en suster se lewe is en daarom kan ek die Here loof en prys vir Sy ware Brood wat in my liggaam gevoed is.

- Dit gaan ons gees laat groei, stig en bou.
    - Dit is ewige boustene, wat God die Vader uit die hemel gegee het om my hier op aarde te bou, sodat ek 'n effek kan hê op aarde.
    - Dit het 'n ewigheidswaarde en betekenis. Dit is 'n belegging wat God die Vader gemaak het vir die ewigheid, nie vir die tydelike nie.

Dit is waarom Jesus gesê het *julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.*

- As jy eenkeer die Brood van die Lewe gekry en geproe het, kan jy nooit weer tevrede wees met tweedehandse kos, hoorsê of dagstukkies nie.

Ek sien dit in die kursusse wat ons aanbied, veral in die Salwingskursus. Ek sien dit as hulle daardie vaste spyse ingeneem het en gebou word deur daardie Woord van God. Hulle kan nooit weer dieselfde wees nie. Hulle smag en hunker na daardie vaste spyse, want hulle het op 'n plek gekom, waar hulle die Brood van die Lewe ontmoet het.

- Sisteme, tradisies en al daardie goed sal dit nie vir jou kan gee nie.

Dit is net manne en vroue van God (Godsmanne en -vroue), wat 'n getuienis in hulle lewe het, wat ware brood draers in die lewe is.

- Dit is hulle wat geword het soos 'n kind en werklik boodskap van die Here ontvang.
- Dit is hulle wat die vrug dra van versoening en van heiligmaking.
- Dit is daardie vissies in hulle lewe, wat werklik die getuienis in hulle lewe kan gee.

-o0o-

## ➢ Bykomende Skrif verwysings in hierdie lesing

**Efe 4:11** En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars

**Efe 4:4** Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;
Efe 4:5 een Here, een geloof een doop,
Efe 4:6 een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.

**Hand 2:38** En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

**Luk 6:46** En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?

**Rom 10:9** As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;
Rom 10:10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.

-o0o-

**Luk 12:8** En Ek sê vir julle: Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal die Seun van die mens ook bely voor die engele van God.

**Matt 14:14; Mark 6:34 -44; Joh 6; Luk 9** **Eerste** vermeerdering van die 5 broodjies en 2 vissies, 5 000 mans – oorskot 12 mandjies.

**Matt 15:29; Mark 8**. **Tweede** vermeerdering van 7 broodjies en ‘n paar vissies, 4 000 mans – oorskot 7 mandjies

**Heb 2:4** terwyl God ook nog saam getuig het deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en bedélinge van die Heilige Gees volgens sy wil?

-o0o-